Nuwe Visie 2030 kan R12 miljard ontsluit

DIE Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het onlangs sy Visie 2030 vir die primêre rooivleisbedryf bekend gestel. Hierdie strategie het die potensiaal om R12 miljard tot die netto waarde van die rooivleisbedryf te voeg.

Daarin word bepaal dat die RPO vernuwe ten opsigte van dienslewering. Dié organisasie se doel is om dienste aan alle rooivleisprodusente in Suid-Afrika te lewer om hul winsgewendheid en volhoubaarheid te verseker.

Luidens 'n verklaring het die dienste wat deur die RPO gelewer word, 'n strategiese impak op die bedryfsomgewing deur middel van die beïnvloeding van regulasies en statute. Op bedryfsvlak bemagtig die RPO sy lede met inligting en tegnologie en stel hulle só in staat om hul boerderye te laat groei.

"Ons moet 'n volle spyskaart van produkte en dienste opbou sodat die RPO 'n alles-in-een-stop vir sy lede is. Dit is maklik om mense van die waarde van hul lidmaatskap te oortuig as hulle die toegevoegde waarde verstaan," het Gerhard Schutte, hoofbeampte van die RPO, aan *Landbouweekblad* gesê.

Die Visie 2030 is deur die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) op versoek van die primêre betrokkenes in die rooivleisbedryf, naamlik die RPO, die nasionale organisasie vir opkomende rooivleisprodusente (Nerpo), die Suid-Afrikaanse Voerkraalvereniging en die Rooivleis-abattoirvereniging, saamgestel. BFAP moes die ingrypings identifiseer wat nodig is vir groei in die rooivleisbedryf. Die nuwe statutêre heffing is daarop geskoei om dié groei te bewerkstellig.

Luidens Visie 2030 word die rooivleisbedryf gesien as die slapende reus in die Suid-Afrikaanse landbousektor. Uitvoer in die beesvleisbedryf kan van die huidige 5% tot 20% van plaaslike produksie groei.

Wat die kleinveebedryf betref, is daar ook potensiaal ten opsigte van die uitvoer van lewende diere vir slagdoeleindes na die Midde-Ooste, asook vir die uitvoer van vleis. Dit kan in die toekoms tot 6% van die mark ontsluit.

Dit is ook in pas met die meesterplan wat saam met al die belanghebbendes en die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling ontwikkel is.

Ingevolge Visie 2030 het die primêre rooivleisgroepering (RMIC) sekere dienste geïdentifiseer wat aan die bedryf gelewer moet word.

Daarvolgens is dit noodsaaklik dat vleisveiligheid en -gehalte gewaarborg kan word deur middel van vleisklassifikasie en -gradering. Van die dienste wat deur die RMIC gelewer gaan word, is:

- Dieregesondheid.
- Navorsing en ontwikkeling met die klem op vernuwing.
- Naspeurbaarheid.
- Inklusiewe groei.
- Vleisveiligheid.
- Handel (invoer en uitvoer).
- Produksie-ontwikkeling.
- Verbruikersake.

Probleme in die bedryf sal ook getakel word.

Die RPO sal verantwoordelik wees om sekere dienste onder die nuwe statutêre heffing te verrig. Hy sal verantwoorbaar wees aan die RMIC, en sal 'n belangrike rol speel in die toepassing van die strategie.

Rol van die RPO

Die RPO wil 'n besigheidsontwikkelingsbeampte aanstel om die sigbaarheid van die rooivleisprodusentemark te vergroot en meer lede te werf. Die primêre metode om lede te werf sal na gelang van 'n ondersoek na ledebehoeftes plaasvind. Die produkaanbieding sal aangepas word om in die behoeftes van al sy lede te voorsien.

Die lewering van produkte en dienste is 'n kombinasie van sentraal gelewerde produkte en dienste.

Die nege provinsiale RPO's sal 'n belangrike rol in dié verband speel. Die rol van die nuwe besigheidsontwikkelingsbeampte sal wees om die RPO se produkte en dienste sigbaar te maak, nuwe toetreders ter ondersteuning van die organisasie bekend te stel, en alle lede aanmoedig om die beskikbare steun te verken.

Daar sal ook na kostedoeltreffende lewering van dienste gekyk word. **LBW**